# VOLKSTEM

R 10-00

www.afrikanervolksparty.org | Mondstuk van die Afrikaner Volksparty | Jaargang 9 | Uitgawe 7


# VF-POSITIEF:

## DEURBRAAK VIR AFRIKANER OP INTERNASIONALE TONEEL

(Het dit regtig énige betekenis vir die Afrikanervolk?)

Deur Danie Varkevisser

Hierdie soort joernalistiek wat gerig is op die skep van verwagting wat nooit sal realiseer nie, is seker een van die verwerplikste propaganda metodes wat van meet af aan deur sogenaamde "regse" politieke organisasies gebruik word om die Afrikaner te paai dat daar in hulle belang opgetree word terwyl die teendeel waar is.

Die VF Positief (soos in HIV positief) is 'n gekontamineerde beginsellose politieke party wat terminaal besmet is met 'n gees van misleiding waarmee 'n deel van ons volk op sleeptou geneem word.

Organisasies wat in hierdie berig genoem word was die Afrikaner nog nooit goedgesind nie. In teendeel, nog altyd uiters vyandig gesind!

Stellings soos: " goedgeformuleerde resolusie",.... " Groenewald het o.m. in 'n gedetailleerde uiteensetting", ..... "selfbeskikking ***dui op*** die regsreg van mense"....."***Selfbeskikking is 'n kernbeginsel van die internasionale reg***, ***voortspruitend uit die gewoontereg van die internasionale reg***", is alles 'n fluit in 'n stormwind!

Al die bepalings waarna verwys word bestaan al lank en het in 23 jaar vir die Afrikanervolk wie se dilemma wêreldkundig is niks beteken nie en sal ten spyte van Groenewald se uiterste pogings niks anders beteken vir ons volk as hierdie opskrif van "deurbraak" nie. Ons heil lê nie by die internasionale toneel nie! Hulle handveste, verdrae en internasionale regsbeginsels het nog nooit en geld ook nievandag vir die Afrikanervolk nie!



Groenewald

Selfbeskikking, soos met die volkstaatgedagte, is bloot sommige "regses" se propagandaterme wat die bestaansreg van sekere politici moet regverdig. Vir die Afrikanervolk het dit géén waarde anders as totale verknegting binne 'n swartbeheerde politieke diktatuur nie.


In hierdie uitgawe......


- Oppas vir Jan Gaps
- Volksmoord in Rhodesië
- SA Reserwebank
- Reënboognasie - Konsep werk nie

*Geskryf deur VF redaksie 06 Julie 2017*

*'n Groot deurbraak vir die Afrikaner op die internasionale toneel is pas by die algemene vergadering van die **Unrepresented Nations & Peoples Organisation (UNPO)** in Edinburgh, Skotland, gemaak toe 'n goedgeformuleerde resolusie oor die huidige opset van die Afrikaner in SA aanvaar is op voorstel van die leier van die VF Plus, dr. Pieter Groenewald.*

*UNPO, wat in 1991 gestig is, het 150 lede en verteenwoordig na raming honderde miljoene mense wêreldwyd. Groenewald het o.m. in 'n gedetailleerde uiteensetting gesê selfbeskikking dui op die regsreg van mense om hul eie lot in die internasionale orde te bepaal. Selfbeskikking is 'n kernbeginsel van die internasionale reg, voortspruitend uit die gewoontereg van die internasionale reg en word erken as 'n algemene beginsel van die reg soos vasgelê in 'n aantal internasionale verdrae. Selfbeskikking van volke ("peoples") word verskans in art. 2(7) van die Handves van die Verenigde Nasies (VN), asook in die Internasionale Deklarasie op Burgerlike en Politieke Regte," aldus Groenewald. Groenewald het daarop 'n mosie ingedien waarin UNPO versoek word om ondersoek te doen na o.m. vergrype deur die ANC-regering oor 'n wye spektrum, die aftakeling van die land se ekonomie, korrupsie, die marginalisering van minderheidsgroepe, rassepolarisasie en die lot van die boeregemeenskap in Suid-Afrika. Die mosie is algemeen aanvaar. Hier is sprake van "mense"," peoples" en" burgerlike" regte. Dit is 'n veelrassige organisasie en maak soos dit vir my lyk nie voorsiening vir aparte volke nie. Verder is enige prestasie op internasionale vlak wat nie voorsiening maak vir rasseskeiding nie, van geen waarde vir ons volk nie. Slegs 'n dieper verbintenis tot aanvaarding van rasseintegrasie*




# OPPAS VIR JAN GAPS

## (VOORHEEN BEKEND AS JAN TAKS)

deur Hannes Ollewagen

Ons almal ken die uitdrukking wat lui– "Gee die keiser wat hom toekom", maar hoe gemaak as die keiser begin om dit te eis wat hom nie toekom nie?

Die bepaling en beredenering van billike belastingkoerse, betaling en weerhouding van belasting aan 'n korrupte owerheid en dergelike onderwerpe is sake wat afsonderlike bespreking verdien. Die doel van hierdie artikel is om belastingpligtige volksgenote binne die Republiek van Suid-Afrika se aandag te vestig op aktuele belastingsake wat hul sakebedrywighede en finansiële posisie ernstig kan beïnvloed.

Die huidige minister van finansies het in sy toespraak op 22 Mei 2017 openbaar dat die SAID die taak opgelê is om in die komende finansiële jaar (01/03/2017 – 28/02/2018) belasting ten bedrae van R 1200000000000 (R 1,2 triljoen rand) te vorder. Dit is 'n noemenswaardige styging van 16,5% op die R 1030000000000 (R 1,03 triljoen rand) wat in die vorige belastingjaar (01/03/2016 – 28/02/2017) ingevorder is.



Wanneer ons die begrotingsoorsig vir 2017 van die Nasionale Tesourie bestudeer, moet 'n mens wonder hoe die minister sy styging in verwagte inkomste kan regverdig. Die ekonomiese groeikoers vir 2016 was na raming 'n skamele 0,5% terwyl die groeikoers vir 2017 en 2018 onderskeidelik op 1,3% en 2,0% vasgestel is. Die taak om 'n verhoogde belastinginkomste van 16,5% uit so 'n rigiede ekonomie te genereer, is heeltemal onrealisties.

Dit is hierdie ondeurdagte en onrealistiese vooruitsigte wat bepaalde onaangename gevolge vir die burgery inhou. Die SAID is nie onwillig om

hierdie taak wat hom opgelê is met aanwending van alle ywer te probeer verwesenlik nie – al sou dit ook die benadeling, mishandeling en selfs openlike plundering van belastingbetalers se inkomste beteken.

Dit is geen geheim dat die SAID presies weet waar om jou op te spoor in die geval waar 'n betaling aan hulle nie betyds geskied nie. En wanneer hulle nie vinnig genoeg jou geldjies ontvang nie sal hulle sonder versuim van hul opsie om 'n 3de party aanstelling te doen, gebruik maak. Laasgenoemde beteken dat die kommissaris van die SAID 'n 3de party (bv. jou werkgewer of jou bankier) sal aanstel om die verskuldigde fondse namens die SAID in te vorder, sonder enige vergoeding vir hul dienste aan die SAID gelewer natuurlik. In die geval waar 'n 3de party (bv. 'n werkgewer) nie hierdie aanstelling van die kommissaris behoorlik tot uitvoer bring nie kan die 3de party self aanspreeklik gehou word vir hierdie skuld.

In die geval waar daar egter 'n eis teen die SAID ingestel word vir 'n belastingterugbetaling is die inisiatief en insig wat in die SAID se invorderingsprosedures weerspieël word natuurlik nie altyd so prysenswaardig nie. Ek sal toegee dat uitbetalings na afloop van finalisering van ouditprosedures wel betreklik vinnig geskied (gewoonlik binne 7 dae), maar om by hierdie suksesvolle afhandeling van sake uit te kom, is gewoonlik waar die probleme ondervind word.

In die belastingjaar van 2010/2011 was daar 79631 oudits uitgevoer op die 14,6 miljoen geregistreerde belastingbetalers vir hierdie tydperk. In die belastingjaar van 2015/2016 het die SAID ongeveer 1800000 (1,8 miljoen) oudits uitgevoer op die 24,4 miljoen geregistreerde belastingbetalers vir hierdie tydperk. Dit sou beteken dat die geregistreerde belastingbetalers vir hierdie tydperk met 67,12% toegeneem het terwyl die hoeveelheid oudits op belastingopgawes met 2160,43% gestyg het!

> Daar is alreeds in 2014 bereken dat die gemiddelde persoon in Suid-Afrika ongeveer 38,22% van sy inkomste aan statutêre betalings moet afstaan.

Wanneer 'n belastingbetaler uitgewys word vir 'n oudit op sy belastingaanslag sal stawende dokumentasie gewoonlik aangevra word. Hierdie is gewoonlik 'n baie standaard dokument wat deur 'n geoutomatiseerde proses uitgereik word en kan menigmaal baie onduidelik wees. Die belastingbetaler het vanaf datum van uitreiking van hierdie skrywe een-en-twintig werksdae om die bewyslas aan die SAID te lewer. In die geval waar die SAID nie volledige dokumentasie binne hierdie tydperk ontvang nie, sal hulle gewoonlik 'n hersiene belastingaanslag uitreik. En glo vir my – as u gedink het dat die minister se vooruitsigte vir 'n verhoogde inkomste die wenkbroue laat lig, wag totdat u 'n belastingaanslag kry wat deur dieselfde kantoor bereken word.

Natuurlik afhangende van die tipe belasting bv. btw, persoonlike inkomstebelasting, maatskappybelasting, ens. asook die samestelling van inkomste en uitgawes van die belastingbetaler kan die hersiene aanslag insluit 'n terugskrywing van ALLE belastinginsette of -krediete wat geëis is en nie net daardie insette waarvoor stawende bewyse aangevra (en/of dalk nie betyds gelewer) is nie. Die SAID kan ook in sommige omstandighede die inkomste van 'n belastingbetaler herbereken en 'n hersiene aanslag op hierdie herberekende inkomste uitreik.

'n Hersiene belastingaanslag is ook net die middel wat die kommissaris se taak om 'n verhoogde inkomste uit belastingbetalers te kry, vergemaklik. 'n Hersiene aanslag sal met 'n onmiddellike boete van 10% op die bedrag wat betaalbaar is vergesel word en daarbenewens sal rente (tans 10,50% per jaar) op die verskuldigde bedrag uitgewerk word en tot die bedrag betaalbaar aan die SAID toegevoeg word. Alhoewel die boete net eenmalig is, sal die rente

nie ophou oploop totdat die skuld ten volle vereffen is nie.

Die SAID het dan ook ‘n maatreël ingestel dat geen terugbetalings aan belastingbetalers gemaak sal word indien hul belastingsake nie ten volle op datum is nie. Dit beteken dat verdere eise teen die SAID opgehou sal word terwyl slegs een aanslag in ‘n proses van dispuut is. Hierdie maatreël het natuurlik verreikende gevolge vir veral sakeondernemings wat vir verskeie belastings geregistreer is en wat selfs wesenlike inkomstebelastingterugbetalings in hul kontantvloeibegrotings opneem.

Die proses om ‘n foutiewe of hersiene aanslag wat deur die SAID uitgereik is teen te gaan, is baie omslagtig. Dit is egter in belang van ons volksgenote om wel ‘n basiese kennis van hierdie remedie tot hul beskikking te hê. Ek sal poog om in ‘n volgende artikel hierdie proses breedvoerig, dog eenvoudig te verduidelik, DV.

Daar is alreeds in 2014 bereken dat die gemiddelde persoon in Suid-Afrika ongeveer 38,22% van sy inkomste aan statutêre betalings moet afstaan. Ten spyte van hierdie hoë las op die burgery en ten spyte van R 1030000000000 (R 1,03 triljoen) se belastinginkomste wat in die 2017-belastingjaar ingevorder is, is die staatskas dolleeg! En elkeen van ons sal moet katvoet loop vir die kaal keiser in die Republiek van Suid-Afrika wat nie skaam is daarvoor om sy burgery ook van dit wat regmatig aan hulle behoort te beroof nie!

# BRITTANJE SE STILSWYE OOR VOLKSMOORD IN RHODESIË

Daar is meer mense as net die Afrikanervolk wat onder die Britte se brutaliteit deurgeloop het in die onlangse geskiedenis. Die Engelse se minagting vir reg en geregtigheid soos wat gelowiges dit uit die Woord van God geleer en verstaan het, is totaal verdring deur hulle magsug en imperiale beleidsingesteldheid.

Uitwissing van volke en menselewens het nog nooit in hulle pad gestaan wanneer hulle ‘n oog op die belange van ander gerig het ter bevoordeling van hulleself nie. Die geskiedenis is egter meedoënloos as dit kom by die blootlegging van die waarheid en die werklikheid, ongeag enige ontkenning of propaganda truuks van die oortreders se media.




Neem nou maar byvoorbeeld die geval van prinses Diana. Die media se onmiddellike reaksie van “Fake news”, doen niks af aan die verklaring van die oud MI5 agent se bekentenis wat strook met bespiegeling en waarnemings tydens die sogenaamde “ongeluk” waarin sy gesterf het nie.



Soortgelyk is die fotos van die massas swartes wat deur die Britte se toedoen gesterf het in Rhodesië toe hulle onder leiding van Lord Carrington, die blanke beheer in Rhodesië aan die swartes laat toekom het soos later in Suid Afrika.

Al gaan die leuen hoe so snel, die waarheid agterhaal hom wel! Brittanje se halstarrige weiering om aan die Afrikanervolk verskoning aan te bied vir hulle verskroeide aarde beleid gedurende die Anglo Boereoorlog, sal hulle nog baie duur te staan kom solank as wat dit en hulle ander veragtelike optredes op hulle volk wat nie daarteen beswaar gemaak het nie, se gewetes lê!

***Report: British Authorities Ignored Killings in Zimbabwe To Protect Political Interests*** *\by Fredrick Ngugi*

*British Authorities accused of downplaying killings in Matabeleland, Zimbabwe just to protect their political and economic interests. Bulawayo24 News*

*British authorities have been accused of downplaying the killing of thousands of dissidents in Zimbabwe in the 1980s to protect the U.K.'s political and economic interests in the south African nation.*

*According to documents obtained by Scottish university lecturer Dr. Hazel Cameron — under the Freedom of Information Act — British officials in London and Zimbabwe were well aware of the killings committed by Zimbabwean President Robert Mugabe but consistently downplayed their magnitude, reports the Guardian.*

*British officials in London and Zimbabwe were well aware of the killings committed by Zimbabwean President Robert Mugabe but consistently downplayed their magnitude..*

*"The British government could have influenced authorities in Zimbabwe but put political and economic interests first…. There were steps they could have taken and they chose not to," Dr. Cameron said.*

***Protecting Strategic Interests***

*Dr. Cameron says she obtained thousands of documents, including hundreds of cables exchanged between British officials in Zimbabwe and London all throughout the period of the killings.*

*She also says the documents reveal the attitude of Robin Byatt, the then-British high commissioner in Harare, toward Zimbabwe in the initial months of the massacre.*

*In one cable, which was sent on June 24, 1983, Byatt explained how Zimbabwe was important to Britain largely because of major British and Western economic and strategic interests in southern Africa.*

*"Other important interests are investment and trade…prestige, and the need to avoid a mass White exodus. Zimbabwe… [also] is a bulwark against Soviet inroads," Byatt said.*

*The report further accuses Byatt of negatively interfering with the work of Jeremy Paxman, a BBC journalist who had traveled to Zimbabwe in 1983 to make a documentary on the killings.*

*Fifth Brigade. Photo credit: The Mukiwa*



*Byatt is said to have complained to then-Foreign Secretary Geffrey Howe, saying that the journalist had taken an unreservedly gloomy and sensational view of the events in Zimbabwe.*

*He further complained that the reporter had a "reputation for sensational reporting."*

***Mass Slaughter of Opposition***

*Shortly after President Mugabe took power in 1980, following a brutal guerrilla struggle against White minority rule, he embarked on a massive security crackdown against his political opponents, spearheaded by the Fifth Brigade, a special branch of the Zimbabwean national army created to deal with bandits.*




*Hundreds of skeletons found in a disused mine shaft in 2011 were said to be about*

*30 years old, according to researchers. Photo credit: AP*

*For nine months, the Fifth Brigade reportedly killed, tortured, and raped tens of thousands of unarmed civilians. Historians believe that close to 20,000 people died in the massacres, and many more suffered severe physical and psychological damage.*

*The special unit, which was fanatically loyal to Mugabe, had been trained by North Korean military specialists to help Mugabe retain power.*

*Most killings happened in Matabeleland, which is predominantly occupied by the Ndebele ethnic minority and was a stronghold of the then-opposition leader* ***Joshua Nkomo****.*

*Mugabe reportedly accused Nkomo's followers of killing government supporters and destroying their properties in the region and used the allegations to justify the atrocities.*

*Fredrick is a Kenyan journalist with years of experience in freelance writing. Before joining Face2FaceAfrica, he worked as a web content writer for various local and international corporations including 4 Wheel Online, Web Partner Group, Wedding Services Kenya, and Decadent Daylilies. He is also an avid blogger, political commentator and human rights crusader.*

# ABBA, VADER

deur Hannes Ollewagen

**Rom. 8:1-17**

"Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God. Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: **Abba, Vader!"** (:14&15).

Daar is in ons milieu seker weinig oortredings wat so opgeblaas word as die sogenaamde oortreding van diskriminasie. My woordeboek definieer "diskrimineer" as volg: "Met onderskeid behandel." Dit is daarom geen wonder dat die ware Christelike geloof in ons samelewing aktief beveg word nie. Dit is dan 'n geloof wat "diskrimineer" omdat dit onderskeid tref tussen gelowiges en ongelowiges.

Dit is net vreeslik interessant dat dit as diskriminasie beskou word wanneer 'n skool op 'n Christelike grondslag wil funksioneer en ander gelowe uitsluit. Maar wanneer Hans Pietersen dit onomwonde stel dat hy sal jag maak op skole met 'n Christelike etos, word dit nie as diskriminasie beskou nie. Alhoewel hierdie Christelike skole met onderskeid behandel word om hul as teiken te stel, is dit nie diskriminasie nie?



Dit is nie alleen in skole waar hierdie onderskeid aktief beveg word nie, maar op feitlik elke liewe lewensterrein. Alhoewel ons stryd teen die bose nie onlangs eers 'n aanvang geneem het nie, het dit weliswaar in intensiteit toegeneem nadat die leiers van ons Afrikanervolk ook besluit het om die onderskeid tussen gelowiges en ongelowiges te ignoreer en ongelowiges ingenooi het om op regeringsvlak in besluitneming en wetgewing deel te neem. 'n Grondwet wat uitsluitlik op Christelike waardes geskoei was moes ruimte maak vir 'n grondwet wat kwansuis nie-diskriminerend sou wees.

Tewens het menige leraars en kerke hieraan help meewerk deur die loutere onsin te verkondig dat alle mense gelyk is en dat God nie onderskei nie.

Jesus het volgens hierdie "nie-diskriminerende tipe teologie" mos vir almal op aarde gesterf. En dit is 'n infame leuen. Hy het uitsluitlik gesterf vir diegene wie Hom as hul Verlosser aangeneem het. "...Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie." (:9).

Wanneer ons egter Jesus Christus as ons Verlosser en Saligmaker leer ken en waarlik aanvaar het, sal Hy deur Sy Gees in ons harte kom woon. Hy verwag dan van ons om onderskeie van die wêreld met sy vleeslike gesindheid te leef sodat ons vir Hom sal leef. Hierdie opdrag kan soms uitdagend wees en ons kan menigmaal op hierdie lewensweg baie eensaam voel. Dit is dan wanneer ons na God moet vra en na Hom as ons hemelse Vader moet soek. Hy is nie alleen 'n God wat ons eer en aanbidding vra nie. Hy is nie 'n God wat aan ons 'n stel reëls, wette of verordeninge gegee het wat vir enige mens onmoontlik is om na te kom nie, maar 'n Vader wat ons deur Sy Woord leer dit wat vir ons heilsaam is.

Ons sal deur Sy Woord en Gees nie alleen leer wat vir ons lewe hier op aarde heilsaam is nie, maar ook wat vir ons geestelike lewe opbouend is. Ons sal God se vaderhart leer ken – die Vader wat selfs Sy geliefde Seun se lewe nie gespaar het nie sodat ons gered kan word!

Ons sal leer dat Sy Vaderhart na ons uitgaan en die beste vir ons wil hê. Hy wil as ons Vader vir ons raad gee. "Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees." (Ps. 32:8). Hy is ons Vader wat ons troos. "Ek is dit wat julle troos!..." (Jes. 51:12). "GESEËND is die God en Vader van onse Here Jesus Christus, die Vader van ontferminge en die God van alle vertroosting, wat ons troos in al ons verdrukking,... (2 Kor. 1:3&4). Hy is ons Vader wat ons versorg. "Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het." (Matt. 6:31&32). Hy is ons Vader wat Hom tot ons sal wend wanneer ons eensaam voel. "Pe. Wend U tot my en wees my genadig, want ek is eensaam en ellendig." (Ps. 25:16). Hy is ons Vader wat ons diep en innig liefhet. "Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe." (1 Joh. 4:9).

Ek en u behoort uit liefde aan ons Vader in eerbied teenoor Hom te leef deur onsself van die wêreld te onderskei soos wat Hy van ons verwag. En wanneer die wêreld ons daarvoor haat, moet ons onthou dat die wêreld Christus ook voor ons gehaat het. Ons lewens en aardse besittings kan dalk hier benede bedreig word, maar ons erfenis by ons Vader is 'n ewige tuiste waarna ons kan uitsien – in die heilige teenwoordigheid van ons onbegryplike, ewige, Abba, Vader!

## DIE SUID AFRIKAANSE RESERWE BANK, MKWEBANE EN STEPHEN GOODSON

Dit is baie duidelik dat die Openbare Beskermer, (OB) die spreekwoordelike kat in die duiwehok losgelaat het met haar aanbeveling wat die mandaat van die Reserwebank betref.

Die AVP verskil nie met haar oor die opmerking dat Stephen Goodson se boek oor die reserwebank 'n "moet lees boek" is nie. Inteendeel word die sluier daarin gelig oor die wyse waarop geld uit niks geskep word waarop die leners dan rente moet betaal nie. 'n Beginsel van woekerwins waarteen die Woord van God uitdruklik waarsku.




Verder word daar ook aangedui dat die reserwe bank soos oral elders in die wêreld, dié instrument in die internasionale geldmag se hand is waarmee regerings, hulle

geldwaarde en energiebronne beheer en gemanipuleer word en die banke gebruik word om die man in die straat finansieël te verkneg.

Werkloosheid en inflasie word geskep en aangewend om bevolkings afhanklik te hou, onluste aan te stig en wanorde en chaos te laat toeneem of te beheer na gelang dit hulle agenda pas. Vir die gewone Afrikaner is die boek van Goodson 'n belangrike opvoedkundige inligtingstuk vir perspektief oor hoe die ekonomie geplooi is.

Regeringshoofde wat nie daarby inval nie word eenvoudig verwyder, hetsy deur staatsgrepe, ditsy deur sluipmoord. In hulle plek kom dan gewoonlik 'n lakei van die geldmag. Gevalle soos Saddam Hoesein, Gadafi en huidig die aanslag op Asaad van Sirië waar in elke geval redes vir ingrype aldaar aangevoer is wat glad nie strook met die waarheid nie.

Dit gesê, laat dit die vraag ontstaan oor wie agter Mkhwebane se aanstelling sit. Aanvanklik het dit na Zuma gelyk en het hy waarskynlik daarin 'n hand gehad. Baie bepaald is sy nie 'n geldmag aanstelling nie. Gebore in die Hoëveld in die dorp Bethal, lyk dit tog of haar etniese afkoms Zulu is.



Haar onlangse uitlatings dat Zuma geen gronde het om die verslag van die vorige OB oor die Guptas se staatskaping te stop nie, lyk egter na 'n omkeer van haar standpunt kort na haar aanstelling. Dit is bepaald nie 'n gunstige opmerking in belang van Zuma nie.

Dit blyk verder ook dat sy vir een of ander "obskure" rede, afgesien het van haar aanbeveling oor die reserwebank. Dit kan natuurlik ook wees om die stof kans te gee om te gaan lê.

Hoe dit ookal sy, dat daar steeds duistere magte is wat in Suid Afrika aan die werk is, is onbetwisbaar!

# REENBOOGNASIE – KONSEP WERK NIE

Horende doof en siende blind is hulle wat saam met de Klerk in ontkenning leef oor die chaos wat hulle in Suid Afrika ontketen het en steeds probeer instand hou! In die vorige artikel van die leier van die AVP is daar gewys op die konflikterende uitgangspunte tussen verskillende rasse.



In die onderstaande berig word die beskawingsreël van verantwoordelike besluitneming, meriete, bekwaamheid, geregtigheid en nog 'n hele mandjie vol noodsaaklike ordereëls eenvoudig verontagsaam, selfs ten koste van moontlike lewensverlies. Moedswillig bloot om eie sin en eie wil af te dwing in die misbruik van outoriteit! Nie 'n rariteit nie maar 'n hele land vol van hierdie soort onaanvaarbare optrede wat nie in 'n beskaafde samelewing tuis hoort nie.

Wat anders het diegene wat vir hierdie soort verandering gestem het, verwag om te kry? Wat verwag diegene wat hulle nou nog besig hou met saampraat, saamwerk en saamstem, gaan verander? Want saam bereik ons mos meer,( in 'n Ubuntubenadering, we are One!). Sal na 22 jaar se mislukte pogings wat in die blanke, maar meer nog in die Afrikaner se belang moes wees, bereik kan word in die lig van die ophopende bewyse van die teendeel?

Indien van ja, moet so iemand dringend by 'n kopdokter uitkom! Kry sommer by professor de Vries 'n verwysing. Die skuld lê nie by Zuma of die swart ras nie. Die skuld lê by die oorblywende blanke ondersteuners van die Nuwe Suid Afrikakonsep!

### *Hoë van radiologie bedank.*

### *Mediese werk glo gekniehalter*

Volksblad 10 Jul 2017 Charné Kemp

Nog 'n verpletterende terugslag het die Vrystaatse gesondheid-sektor getref deurdat prof. Coert de Vries, hoofradioloog van die Vrystaatse departement van gesondheid en ook hoof van die departement radiologie aan die mediese fakulteit van die Universiteit van die Vrystaat, met onmiddellike effek bedank en uit sy kontrak getree het.

Hy was sewentien jaar in diens van die universiteit en die departement.

Sy bedanking Vrydag spruit uit onuithoudbare werksomstandighede en finansiële verliese sedert 'n hofsaak wat vroeër vanjaar in sy guns beslis is.




In sy bedankingsbrief noem De Vries die voortdurende sabotasie waardeur die professionele uitvoering van sy pligte en verantwoordelikhede bemoeilik word. Hy het ten spyte van moeilike omstandighede geglo dat sy dienste van waarde is.

'n Diepte-ondersoek na die sogenaamde oortredings wat hy sou begaan het, is ook nog nie afgehandel nie. Daar is steeds nie met De Vries hieroor gekommunikeer nie.

De Vries skryf in sy bedankingsbrief dat hy lank gelede aansoek gedoen het om die aanstelling van 'n departementele sekretaresse by die departement van kliniese beeldingsweten-skappe waarvan hy die hoof was. Sy "redelike versoek" is geignoreer. Vir hom is dit 'n verdere aanduiding van die sabotasiepogings wat hom verhinder om sy pligte en verantwoordelikhede professioneel uit te voer.

Hy het ná sy sabbatsverlof sy bedanking ingedien om teen die einde van September sy laaste dag te werk.

Hy het Vrydag egter onmiddellik bedank weens die departement se opeenvolgende optrede en nie-optrede, wat sy werksomstandighede onmoontlik gemaak het.

Regter Johann Daffue het vroeër vanjaar 'n bestraffende kostebevel teen die LUR vir gesondheid gegee toe hy twee voorlopige interdikte bekragtig het waarvolgens die radioloë De Vries en Vennote ongehinderd mag voortgaan met hul private praktyk in die Universitas-hospitaal in Bloemfontein, hangende die afhandeling van 'n ander hofgeding oor hul huurkontrak.



prof. Coert de Vries

Dit het gevolg op gebeure aan die einde van Julie verlede jaar toe dr. B.A.F. Benganga, die waarnemende hoof van kliniese dienste van die Universitas-hospitaal, by 'n teater

ingestap het waar De Vries 'n operasie wou doen. Die pasiënt was al onder narkose.

Die slotte aan die deure van De Vries se praktyk is ook verander en gesluit en van die praktyk se eiendom, soos rekenaars, is verwyder.

Regter Daffue het gesê Benganga het die oggend van 29 Julie verlede jaar soos 'n bul in 'n glaskas opgetree. Hy wou die private praktyk toemaak.

Benganga het nie opgehou met sy optrede ná die eerste hofbevel nie, maar dit die volgende oggend voortgesit. Die regter het sy optrede as aanmatigend, arrogant en aggressief beskryf.

Regter Daffue het gesê al die vennote van De Vries en Vennote het besondere skaars vaardighede verwerf. Daagliks behandel hulle sowat 200 pasiënte van die Vrystaat, Noord- en Oos-Kaap en Lesotho.

Benewens De Vries en dr. Eugene Loggerenberg is daar net vyf ander spesialiste in die land wat van die operasies kan doen.

"Die Universitas-hospitaal kan nie bekostig om dié vaardigheid en ervaring van hulle en hul ander vennote te verloor nie. Uiteindelik sal die publiek daaronder ly," het regter Daffue gesê.

# GEEN VERTROUE IN

# *WIT MENSE*

Die liberale wêreld in die algemeen en die plaaslike liberaliste in besonder, kan poog soos hulle wil, maar die ongeskrewe wetmatigheid dat rasverskil binne 'n Westerse regeerstelsel nie werk nie word opnuut hier bevestig! Die feit dat dit al vir eeue beproef en telkens vanweë die bestaande verskil in kultuur, taal en godsdiens tot konflik lei, word aanhoudend ontken tot nadeel van elke geskrewe en ongeskrewe beskawingsreël wat geordende samelewing vereis.

Die bewys dat dit slegs kan slaag deur middel van afsonderlike ontwikkeling is nie net deur Suid Afrika sedert 1948 bewys nie, maar word nou ook deur die hele Europa se multikulturele, onbybelse rasvermenging wat dreig om Europa te verswelg, bevestig!

Verlies van identiteit deur die onvermydelikheid van bloedvermenging waaruit 'n bastergeslag sal voortkom, is die voorland van dié lande waar 'n beperkte immigrante toeloop toegepas word maar multikultuurpraktyk steeds voortgaan.

In die lande met oop grense sal assimilasie die voorkoms, taal, godsdiens en kulturele praktyke van die meerderheid aanneem ten koste van die inheemse ras. Hieruit kan net verdere verval en agteruitgang voortkom wat gedryf sal word deur diktatoriale en barbaarse wreedheid wat die norm sal word vir beheer van die massa. Enkele bevoordeeldes en massas armes wat deur geweld onderdruk word is die onvermydelike voorland.

*Daily News / 7 July 2017,*
***SAMKELO MTSHALI***
*Black First Land First leader Andile Mngxitama, centre, with their legal representative, advocate Brandon Shabangu, left, following the court proceedings of Sanef's urgent interdict bid in the South Gauteng High Court.*




*Picture: Lindi Masinga*

*DURBAN - Black First, Land First (BLF) on Thursday said their fate was in the hands of a white judge whom they did not trust.*

*"At 12 o'clock tomorrow (Friday), a white judge, who like all white people comes from a framework of thinking which puts whiteness first, **we don't have any trust in any white person," BLF leader Andile Mngxitama** said while addressing the media outside the South Gauteng High Court.*

*The court had earlier heard an urgent application by the South African National Editors’ Forum (Sanef) and several journalists to interdict BLF from harassing, intimidating, assaulting and threatening journalists, especially those reporting on state capture.*

*Mngxitama went on to lash out at various media houses, including Naspers, as well as former finance minister Pravin Gordhan, calling him a “house negro”..............*

Die standpunt van Andile Mngxitama is nie vreemd nie en word waarskynlik deur die meeste van sy rasgenote gedeel. Dit was net die Afrikanervolk se leiers wat dit tydens ons volkswording gesien, ervaar en reg vertolk het, op grond waarvan beleid geformuleer is wat ook in belang van al die swart rasse van Suid Afrika was. In dr. Verwoerd se tyd van leierskap was die swartes in Suid Afrika reeds in ‘n beter posisie as in enige ander plek in die wêreld!

U moet begryp dat daar verandering weens verraad plaasgevind het wat ons nou tydelik moet verdra.

Sonder die diaboliese sameswering van die Britte en Amerikaners, met ondersteuning van feitlik elke ander Westerse volk, selfs ook dié van ons stamlande, sou Suid Afrika vandag ‘n toonbeeld van Rassevooruitgang, vrede en voorspoed vir al sy volke, binne elk se eie grondgebied, onder beheer van sy eie mense, volgens eie aard en behoefte gewees het.

Aan die Afrikaners wat nog Afrikaners wil wees soos wat God ons hier in Suid Afrika geplaas het, wil die AVP sê, bestudeer ons geskiedenis, vergewis u van die werklikheid en die waarheid, versterk dan u geloof uit die Woord van God en keer terug na die beginsel van rasseskeiding. Propageer dit, verdedig dit, handhaaf dit en kom in verset teen die teendeel daarvan wat besig is om Suid Afrika ten gronde te rig.

U moet begryp dat daar verandering weens verraad plaasgevind het wat ons nou tydelik moet verdra. Wat u in ‘n posisie plaas wat teen u grein gaan. Verdra dit, maar moet dit nooit aanvaar nie! Bly in verset en kom versterk ons Afrikanergeledere omdat ons dit nodig gaan hê wanneer die geleentheid hom voordoen om F.W.de Klerk se onomkeerbare weer om te keer, al sê die hele wêreld dat dit nie moontlik is nie. Behou egter ons Afrikanerwaardes, ons Godgebondenheid, ons geloof dat daar niks is wat onomkeerbaar is nie en dat die God wat ons dien nie ongeregtigheid verdra nie. Leef dus binne die geregtigheid wat ons verkry het deur ons Verlosser en Saligmaker deur sy voorbeeld te volg, want daarin setel ons hoop.

Moet u veral nie deur die humanisme laat oortuig dat u geloof swak is as u ‘n wapen dra nie. U moet uself en u geliefdes en eiendom kan verweer wanneer dit nodig is. U vertroue moet egter nie in u wapen setel nie maar in Hom wat u bekwaam sal maak in die regte gebruik daarvan wanneer dit nodig is.

# TONY LEON – WATTER PLANEET?

Op watter planeet is Zuma wil dié Jood weet. Hy stel dit in die onderstaande artikel dat Zuma só uit voeling is met die werklikheid dat ‘n mens moet wonder oor sy verstandelike gesondheid.



Vraag wat na vore kom is of Tony nie self ly aan geheue versaking nie? Is dit dan nie dieselfde “planeet” wat voorspoedig en vooruitstrewend was tot die mate van ‘n oordaat van voorspoed in 1966 waarvan hy praat nie? (Die Rand Daily Mail 30 Julie 1966: “The nation is suffering from a surfeit of prosperity...” “He can claim th at South

Africa is a shining example of peace in a troubled continent, ...” het die Mail van dr. H.F. Verwoerd se leierskap prestasie geskryf)

Dieselfde “planeet”, sedert 1994 veelrassig, ‘n toestand waarvoor hy en sy Jodegenote hulle be-ywer het om Afrikanerbeheer te laat oorgaan in swart meerderheidsbeheer. ‘n Veelrassige Planeet onder swart Kommunistiese terroriste se beheer, ten spyte van waarskuwings dat die uitkoms van hulle beleid presies dit gaan wees wat hy nou as verstandelike ongesteldheid verklaar en bepaald nie nou daarvan hou nie! Hoe polities nugter is diegene wat beskawing offer vir Afrikanisme, waarvan die hele Afrika ‘n aanskouingsles is?



Hoe nugter dus is Leon? Om Barry Goldwater met Zuma te vergelyk is alreeds ‘n politiekgestremde bedenklikheid. Wat wel vanuit goeie politieke oordeel as kranksinnig beskou kan word, ondersteun deur onderliggende landsverraad, is die optrede van mense soos waarna verwys: Bob Hepple, Arthur Goldreich , Harold Wolpe , James Kantor, Dennis Goldberg, Joel Joffe, Bram Fischer, Vernon Berrange, Arthur Chaskalson, George Bizos, almal Jode soos jy, wat op die een of ander wyse betrokke was by die Lilliesleaf farm Rivonia saak in 1963 en vandag nog die Godlose grondwet roem en die sigbare en voelbare chaos wat daaruit gebore is ontken. Die name is ontleen aan die bravado van die Joodse skrywers oor hulle rasgenote se "prestasies" teen die Afrikanervolk, Norman Levy, Lionel Bernstein en Bob Hepple.

Die Joodsgedrewe DA waarvan Leon die leier was verskil ook weinig indien enige met die oogmerke van die ANC/SAKP



Norman Levy: *In one of these (State versus Abram Fischer and Thirteen Others) I was one of the fourteen accused. By mid-1963 MK recruits were being trained abroad and arrangements were well in advance for a new style of underground activity. The core of leaders still in the country were in hiding, fast learning to become “professional revolutionaries”. They often met and lived in the safe haven purchased by the SACP for the protection of its leading individuals. This was the small-holding at Rivonia, known as Liliesleaf Farm.*

Die Joodsgedrewe DA waarvan Leon die leier was verskil ook weinig indien enige met die oogmerke van die ANC/SAKP. Hulle ywer om die Afrikaner se beheer oor Suid Afrika aan ‘n veelrassige regime te kon oorhandig, waarvan die DA nou kastig die opposisie is, dít is mos die planeet waarna jy in jou artikel verwys. Die ontstaan daarvan deur die verloop na 1994 wat nou vir jou swaksinnig voorkom, was voorspel deur politiekkundige Afrikanerleiers en het met Zuma se vermoë absoluut niks te make nie.

Die oorsprong van die swaksinnigheid, (you would be forced to conclude that our own president suffers from delusions on a grand scale), setel by diégene wat van meet af aan teen hulle beterwete, hulle be-ywer het vir hierdie “veelrassige planeet” en nou nog, tot hulle beskaming, deel het aan die bestel van “our own president”!

Die Joodse gemeenskap in Suid Afrika se veragtelike aandeel in die diefstal van Suid Afrika, wat selfs bereid was om ten koste van ‘n beskaafde blanke volk wat vir hulle ‘n veilige tuiste en heenkome voorsien het, te verraai, het daarmee ook hulle aard verraai! Ek sou in skaamte die land verlaat het as ek Tony Leon was instede daarvan om politieke meerderwaardigheid teenoor Zuma te projekteer wat vanweë die Jode se onderduimsheid die pos bekom het wat hy beklee.

Danie Varkevisser 083 460 3302

Francois Muller 083 460 6120

www.afrikanervolksparty.org